# Boekresensie

# Silenced rivers: The ecology and politics of large dams

PATRICK MCCULLY[1]

Die outeur, Patrick McCully, stel die vraag of die bou van groot damme om ontwikkeling in agtergeblewe gebiede te stimuleer, werklik enige waarde het. Hy sluit aan by skrywers soos Jane Jacobs (1994: 110) and Peter Hall (1988: 163) wat tot die gevolgtrekking kom dat groot damme nie noodwendig streekontwikkeling bevorder nie en sê die projek van die Tennessee Valley Authority is 'n sprekende voorbeeld daarvan.

McCully se standpunt is dat baie skrywers, leiers, ingenieurs, bu-rokrate, nasionaliste en rewolusioniste groot damme sien as magtige simbole van patriotisme en 'n manier waarop die na-tuur aan die genialiteit van die mens onderwerp kan word (1996: 1). Die uitwerking wat die bou van groot damme (met 'n wal van 15 meter en hoër) ekonomies en sielkundig op die meer as dertig miljoen mense gehad het wat reeds wêreldwyd in die proses van dambou verskuif moes word, is van so 'n aard dat weinig van hierdie mense ooit daarvan herstel.

Die skrywer wys byvoorbeeld daarop dat, in 'n poging om die probleme van die yl bevolkte droë westelike dele van die VSA deur middel van die sogenaamde "Westelike Waterontwik-keling" die hoof te bied, spekulante en groot grondeienaars die partye was wat die meeste voordeel uit die projek getrek het. Die belastingbetalers en die inwoners (wie se grond oorspoel is) het aan die kortste end getrek. Nog 'n voorbeeld waarna hy verwys, is die Tennessee Valley Authority-projek, wat wêreldwyd die simbool is van "'n groot dam", maar waar die inwoners in-derwaarheid armer is as die populasie in omliggende gebiede wat nie "voordeel" uit die TV A-ontwikkeling getrek het nie (1996: 17).

McCully gaan voort deur te wys op die sestig meter hoë Dnesprostroi-dam in die Dnieperrivier in die voormalige USSR. 'n Groot gedeelte van die vrugbare Ukraïne is nou onder water. Sowjet-hidroloë het glo agterna gesê dat indien hooi op die oor-spoelde gebied geplant, geoes en verbrand sou word, daar

1 Resensie deur: Dr Malene M Campbell, MSS (UOVS), Ph D (UOVS), 'n lektor verbonde aan die Departement Stads- en Streekbeplanning, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, SA.

jaarliks dieselfde hoeveelheid energie beskibraar gestel sou kon word as wat deur die betrokke elektriese aanleg opgewek word (1996: 17).

Die outeur wys verder daarop dat die bou van groot damme die beëindiging van winsgewende kommersiële visbedrywe in die betrokke riviere tot gevolg gehad het. Hy wys voorts daarop dat die Farakka-dam in Indië 'n katastrofiese impak het op die ekonomie en die ekologie van Bangladesh, wat stroomaf lê.

As alternatief vir groot damme stel McCully voor dat maatreëls neergelê behoort te word wat die groeiende behoefte vir elektrisiteit sal verminder deur byvoorbeeld die daarstelling van 'n stedelike en landbou-ontwikkelingsbeleid, wat die beperkinge van 'n droë landstreek verreken, deur nie water wat vir die verbouiing van gewasse wat eerder in 'n landstreek met 'n hoër reënval tuishoort, te subsidieer nie.

McCully klink aanvanklik soos 'n omgewingsfanatikus, maar evalueer vervolgens tog die politieke, ekonomiese en menslike aspekte noukeurig. Hy motiveer sy standpunt, deur middel van deeglik nagevorste voorbeelde van die effek van groot damme regoor die wêreld, dat groot damme nie volhoubaar is nie. Die outeur kom tot die gevolgtrekking dat die dam-industrie primêr winsbejag ten doel het, ongeag daarvan of die projek tegnies en ekonomies haalbaar sou wees.

McCully lewer beslis 'n bydrae tot die blootlegging van politieke realiteite, die rol van die Wêreldbank en die talle onvervulde beloftes wat groot damme sou inhou.

Die boek kan van groot waarde wees vir politici, ingenieurs, streekbeplanners en geograwe om bo en behalwe inligting oor die omgewingsimpak van groot damme en die mislukkings op tegniese gebied, ook 'n in diepte bespreking gee van die van die traumatiese gevolge wat hervestigings vir die betrokke plaaslike bevolkings inhou.

Publikasiedatum: 1996
Uitgewer: ZED BOOKS
Plek: LONDEN
Prys: $15.95

## BRONNELYS

HALL, P. 1988. *Cities of tomorrow.* Oxford: Basil Blackwell Ltd.

JACOBS, J. 1984. Cities and the wealth of nations. Harmondsworth, Middlesex: Penguin Books Ltd.

# Silenced rivers: The ecology and politics of large dams

PATRICK MCCULLY[1]

In his book Patrick McCully asks the question whether the construction of large dams actually do stimulate development in underdeveloped areas. He comes to the same conclusion as Jane Jacobs (1994: 110) and Peter Hall (1988: 163), namely that those projects rather have a detrimental effect on regional development than otherwise. One of the best examples according to him is the so called Tennessee Valley Authority project in the USA.

McCully says "to many other writers, leaders, engineers, bureaucrats, nationalists and revolutionaries, big dams have been potent symbols of patriotic pride and the conquest of nature by hu-man ingenuity" ( 1996: 1). The human consequences however of damming for more than thirty million people who were flooded off their lands by large dams (with a crest measuring fifteen me-tre or more from foundation to crest), are such that very few of them seem to have had recovered economically or psychologi-cally (1996: 7-8).

In an attempt to solve the problems of the sparsely populated United States west through damming, speculators and large landowners, together with construction companies, benefited most from the project. The taxpayers and the indigenous people were the losers. Despite all the money spent by the Tennessee Valley Authority project (TV A), the local population was still poorer than those living in nearby areas (1996: 17).

The sixty metre high Dnesprostroi dam in the Dnieper river flooded so much prime Ukrainian farmland that Soviet hydrologists came to the conclusion that the same amount of energy per annum could have seen yielded if the hay planted and harvested from the area submerged were burnt as fuel (p. 17).

McCully comes to the conclusion that damming brings all existing commercial fishing industries to a halt. A good example, ac-

1 Book review by: Dr Malene M Campbell, MSS (UOFS), Ph D (UOFS), a lecturer at the Department of Urban and Regional Planning, University of the Orange Free State, Bloemfontein, SA.

cording to the author, is the Farakka dam in India, which had a catastrophic impact on the economy of the country as well as on the ecology in downstream Bangladesh.

As an alternative to large dams McCully proposes that certain measures have to be taken to cut growing electricity demands. He suggests an urban and agricultural development policy that takes the limitations of an arid region into account by not subsidising the cultivation of crops more suitable to a region with a higher rainfall.

Initially McCully seems to be an environment fanatic, but he does address political, economic and human issues and motivates his viewpoint on the unsustainability of large dams with well researched evidence on the effects they have on the region involved. He finally comes to the conclusion that the dam industry has profit in itself as the prime motive regardless of the technical and economical viability of projects.

McCully contributed towards the debate on large dams by exposing the political reality, the role of the World Bank, empty promises and all the elusive benefits large dams implies. The book also provides instructive information for politicians, engineers, regional planners and geographers addressing the environmental impact, technical failures and traumatic results of resettlement policies.

Published in: 1996
Publisher: ZED BOOKS
Place: LONDON
PRICE: $15.95

REFERENCES

HALL, P. 1988. *Cities of tomorrow.* Oxford: Basil Blackwell Ltd.

JACOBS, J. 1984. *Cities and the wealth of nations.* Harmondsworth, Middlesex: Penguin Books Ltd.